NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

# REGLEMENT VIR DIE TOEKENNING VAN DIE KURATORIUM-EREPENNING DEUR DIE KURATORIUM

1. Die penning sal bekendstaan as die **KURATORIUM-EREPENNING**.

2. Die penning sal, indien dit toegeken word, elke keer tydens die sitting van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, op ’n gepaste wyse deur die dienende voorsitter van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding oorhandig word aan diegene wie se arbeid op dié manier bekroon word.

3. **VOORWAARDE VIR TOEKENNING**

Die penning word aan die ontvanger toegeken as bekroning van gepubliseerde akademiese werk wat berus op selfstandige navorsing, studie en eie insig en waardeur ’n positiewe bydrae gelewer is tot die bestendiging en uitbouing van die Bybels-reformatoriese teologie en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

4. **AAN WIE DIT TOEGEKEN KAN WORD**

Die penning sal in die eerste plek toegeken word aan lidmate of ampsdraers van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, maar kan by wyse van hoë uitsondering ook toegeken word aan iemand wat nie ’n lidmaat of ampsdraer van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is nie, maar wat aan al die ander vereistes voldoen.

5. **WERKWYSE TEN OPSIGTE VAN TOEKENNING**

5.1 Die Kuratorium sal, inagnemende klousule 5.7, op die laaste vergadering voor die sitting van ’n Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die penning toeken aan een of meer lidmate of ampsdraers van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, of aan ’n ander persoon wat daarvoor in aanmerking kom, volgens die voorwaardes gestel in klousule 3.

5.2 Ongeveer ses maande voorafgaande aan die vergadering van die Kuratorium waarop die toekenning van die penning oorweeg sal word, vra die Kuratorium aan

* die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
* die Kommissies van die ringsvergaderings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
* die Dosentevergadering
* die Raad van Finansies van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
* al die verskillende rade van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

om, met inagneming van klousule 3 van hierdie reglement, voorstelle van persone wat moontlik in aanmerking kan kom vir die toekenning van hierdie penning, voor te lê. Alle sodanige adviese wat skriftelik en gemotiveerd moet wees, sal as streng vertroulik behandel word.

5.3 Hierdie adviese moet ten minste een week voor die vergadering van die Kuratorium waarop die toekenning van die penning oorweeg sal word, die Kuratorium bereik.

5.4 By die ontvangs van hierdie adviese word dit voorgelê aan 'n voorlopige keurkomitee van die Kuratorium bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en skriba van die Kuratorium, wat die opdrag het om die adviese na te gaan, te orden en aanbevelings by die Kuratorium oor hierdie adviese en die getal pennings wat toegeken moet word, te doen.

5.5 Voor die toekenning van die penning, kan die Kuratorium ten opsigte van die adviese wat voor die vergadering dien, enige sodanige navrae by enige instansie of persoon doen as wat die Kuratorium nodig ag.

5.6 Die Kuratorium is by die oorweging van die toekenning van die penning nié gebonde aan die adviese wat voorgelê word nie, en ook nie aan die aanbeveling van die voorlopige keurkomitee nie.

5.7 By die toekenning van die penning word op die vergadering van die Kuratorium deur die lede gestem vir diegene wat in aanmerking kom vir toekenning van die penning, met dien verstande dat

* deur die verkryging van 'n gewone meerderheid van stemme die aantal kandidate verminder word tot die getal pennings wat die Kuratorium wil toeken; en

* die finale toekenning van die penning aan die betrokke persoon of persone die goedkeuring/instemming wegdra van sewe lede van die Kuratorium.

6. Die penning sal slegs een maal aan 'n persoon uitgereik word.

7. Daar rus geen verpligting op die Kuratorium om tydens elke sitting van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die penning toe te ken nie.

8. Wysiging van of toevoeging tot hierdie reglement kan deur die Kuratorium met gewone besluit aangebring word, mits dit vooraf in die agenda van die vergadering opgeneem word.

---oOo---